Maandag **1 Januarie**

**Skrifgedeelte: Jesaja 40:1-11**

**Fokusgedeelte: Jesaja 40:1-11**

**"Die heilsboodskap moet uitgeroep word"**

Met hierdie hoofstuk begin die tweede hoofdeel van die boek Jesaja. In die eerste 39 hoofstukke het die Here by sy volk gepleit om hulle van hulle formalisme te bekeer. Die prediking het egter op dowe ore geval en die Babiloniese ballingskap het 'n verskriklike werklikheid geword.

Die Here laat sy volk egter in die ellende van Babilon nie aan hulleself oor nie. Vanaf hoofstuk 40 buig Hy in liefde na sy ongehoorsame volk toe af om 'n nuwe begin met hulle te maak en hulle voor te berei op 'n sinvolle terugkeer na Sion. Alreeds in die eerste vers hoor jy die verandering in toon: "Troos, troos my volk, sê julle God" (AFR53). Die volk mag hoor dat hulle skuld betaal is. En die profeet hoor die stem van die wegbereider wat voor die naderende Koning uitgaan om die pad vir sy koms in die rigting van Jerusalem gelyk te maak!

Die gelykmaak van die heuwels en die opvul van die dale is uit die aard van die saak nie 'n verwysing na 'n haas onbegonne ingenieurspoging nie. Dit dui veel eerder op die opruiming van sondige gesindhede en die omkering van hoogmoed in nederigheid. Niks mag die HERE in sy triomftog teëhou nie!

Die profeet sien in sy geestesoog veel meer as net maar die terugkeer van Juda uit hulle vernederende ballingskap. Hy sien ook die verlossing van alle verlossings ... toe die woorde van verse 3 en 4 in die optrede van Johannes die Doper hulle hoogste vervulling gevind het en Jesus Christus sy volk uit die slawehuis van die sonde bevry het! (vgl. Joh. 1:23).

Dank die Here hoorbaar en sigbaar vir die Paasgebeure en die bevryding wat Hy ook vir jóú berei het. Laat almal sien met hoeveel oorgawe jy buig onder die Koningskap van jou Verlosser en Herder, Jesus Christus!

*Sing: Skrifberyming 11-1:1-5*

*Ds. JJ (Koos) Cloete (Emeritus)*